RPO
Nasionaal
National

Tel: (+27) 12 349 1102
Faks/Fax: (+27) 12 349 1054
E-pos/E-mail: rpo@lantic.net
Quinton Brandstraat 2 Quinton Brand Street
Eulophia Corner, PERSEQUOR PARK 0020
Posbus/PO Box 132
PERSEQUOR PARK 0020

30 Junie 2016

NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE (RPO) ONDERSTEUN DIE ROOIVLEIS-BEDRYFSFORUM (RVBF)

Die RPO se Uitvoerende Raad het 'n konsensusbesluit geneem ter ondersteuning van die RVBF. Die Uitvoerende Raad van die RPO ondersteun 'n eenheidsorganisasie in die rooivleisbedryf wat die hele waardeketting verteenwoordig, aangesien dit noodsaaklik is om konsensussake in die bedryf te bestuur.

Die huidige statutêre heffingsinvorderingstelsel wat deur die RVBF bestuur word, is uiters effektief en maak dit moontlik vir die bedryf om funksies wat noodsaaklik is vir die hele bedryf, te finansier.

Die RPO wil verskoning aanteken vir uitsprake gemaak in die onlangse pers indien dit die RVBF benadeel het. Dit spreek egter van druk vanaf lede van die RPO op leiers om die regmatige plek van die primêre produsent in die RVBF te verseker. Die RPO het die RVBF versoek om die doelwitte van die RVBF weer opnuut te evalueer aangesien die makro-omgewing in die rooivleisbedryf in die afgelope tyd redelik drasties verander het. Een voorbeeld ter illustrasie hiervan is die benutting van uitvoergeleenthede in die rooivleisbedryf.

Die RPO sal ook sekere kwessies met betrekking tot die RVBF wil opneem en 'n finale besluit hieroor sal by die nasionale kongres van die RPO geneem word wat in Augustus 2016 plaasvind.

Die huidige statutêre heffingsperiode kom tot 'n einde in November 2018 en dit is noodsaaklik dat die bedryf hom nou al reg moet posisioneer om die korrekte ingrepe te maak ten einde groei in die bedryf te bewerkstellig.

- ooo O ooo -

Navrae

Mnr Lardus van Zyl
Voorsitter
Sel : 082 944 7099

Mnr Gerhard Schutte
Hoofuitvoerende Beampte
Sel : 082 556 7296